NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 13 – Uitgawe 6

12 Maart 2020

Geloof-sonder-Grense Motorfietsbediening

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Dit was meer as 'n jaar gelede dat een van my kollegas sê: *Ek wil hê julle moet hierdie "motorfietsding" een Sondag by my gemeente kom doen.* Hierdie "motorfietsding" het al in 2009 begin en is eintlik heel eenvoudig. Ons kom kuier vir jou gemeente een Sondag, met ons motorfietse. Die plaaslike dominee wen 'n ruskansie, want Geloof-sonder-Grense Motorfietsbediening se dominee, as besoekende predikant, behartig die prediking.

Miskien sal die waarde van hierdie "motorfietsding" duideliker word as ek verduidelik hoekom my kollega ons na sy gemeente genooi het. Hy vertel dat hy as konsulent by 'n buurgemeente te doen gekry het met 'n dame wat niks van die Kerk wil weet nie weens 'n slegte ervaring in die verlede. Sy het glo een Sondag met haar motorfiets kerk toe gegaan. Die ouderling of wie ook al daardie dag die "poorte van die hemel" bewaak het, het haar verbied om op die kerkterrein te parkeer en die erediens in 'n denim by te woon. Daar het sy en kerk mekaar verloor.

In Romeine 10: 12 staan daar dat dit geen verskil maak of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik. Tog is ons so lief daarvoor om mense in kategorieë te plaas. Sekere kategorieë is in ons oë versoenbaar met die kerk en sekere kategorieë nie.

My kollega wou hê dat ons sigbaar kom wys dat kerk en *biker*-wees versoenbaar is. Dit is dan ook die doel van ons Motorfietsbediening. Om vir *bikers* te wys dat daar in die Kerk plek vir hulle is. Om terselfdertyd vir die Kerk te wys dat *bikers* ook bid en aanbid. (Dalk bid ons meer as die gewone mens – veral wanneer ons in 'n draai lê...)

Die gedagte van 'n Bikerdiens is om mensgemaakte grense oor te steek. Ons grens onsself af teen dit wat ons nie ken nie of nie verstaan nie. Dis altyd wonderlik om te sien hoe stoere kerkmense en geharde getatoeëerde *bikers* oor 'n koppie tee staan en kuier en die vooroordele soos mis voor die son verdwyn.

Die idee is dat die gasheergemeente plaaslike motorfietsklubs nooi om die geleentheid by te woon. Die erediens is 'n normale erediens wat pas in die kerklike jaar en binne die etos van die Hervormde Kerk. Soms is dit nodig om 'n tweetalige diens te hou, want taal kan ook 'n mensgemaakte grens wees. Die ergste afwyking van die tradisionele is dat ek nie 'n toga dra nie, maar die leer-onderbaadjie wat die amptelike drag van die motorfietsbediening is. So het ek al op verskeie preekstoele in die land en buiteland verskyn. Ek moet bieg dat my senuwees erg gepla het toe ek in 2012 die eerste keer met die leerbaadjie op Sannieshof se preekstoel moes klim. Die Wes-Transvalers het ons sowaar die volgende jaar weer genooi!

Daar was wel die een gemeente wat selfs die ringskommissie gekry het om ons te keer. Ons het hulle toe nie besoek nie, want die grense was onoorsteekbaar.

Gemeente Kempton Park-Oos het verlede jaar hul Bikerdiens gekoppel aan 'n fondsinsameling ten bate van twee behoeftige gevalle. Hulle het die geleentheid Ry-vir-'n-Rede genoem. Dit was 'n reusesukses.

Gemeentes wat belangstel om 'n Bikerdiens te hou, is welkom om ons te kontak.

Ds CJ van Wyk, Gemeente Newlands (Johannesburg)

*** Gemeente Newlands hou op Sondag 22 Maart hul Bikerdiens vanaf 09:00. Kyk bladsy 2 vir meer hieroor.

Lief en leed

Enzo van Belkum

- **Ds Monja-Lize en Pierre van Belkum** van El-Flora deel graag die nuus van hul seuntjie, Enzo, se geboorte op 17 Februarie: *Hy het die skaal getrek op 'n stewige 3,9 kg. Sy boetie Ruvan-Jac en sussie Lienke is versot op hom. Tydens só 'n geboorte besef 'n mens opnuut hoe 'n gróót God ons aanbid. Ons is werklik só geseënd met hierdie klein wonderwerkie.*

- **Ds Pieter Schalk van Staden** (emeritus), wat op 18 Maart 94 jaar oud sal wees, vier op Sondag 22 Maart sy 70-jaar-ampsjubileum in Gemeente Witrivier. Hy sal self ook 'n preekbeurt kry in die diens wat vanaf 10:00 plaasvind. Belangstellendes is welkom om die erediens by te woon.

Prof Johann Beukes

- **Prof Johann Beukes** van Weltevreden het op 27 Februarie sy intreerede as ereprofessor van die Departement Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat gelewer. Die tema van sy aanbieding was *Challenges in Medieval Philosophy Scholarship*. Benewens prof Beukes se spesialisering in Middeleeuse Filosofie en Foucault-studies aan die Universiteit van die Vrystaat, beklee hy ook 'n buitengewone professoraat by die Sentrum vir die Geskiedenis van Filosofie en Wetenskap aan Radboud Universiteit Nijmegen, Nederland.

- **Die volgende predikante verjaar tot 20 Maart, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 12 Maart: Ds JJ (Jaco) Dreyer (Bloemfontein)
  - Vrydag 13 Maart: Di LK (Lilian) Erasmus (Wonderboom) en RJ (Rudi) Rust (Vanderbijlpark-Oos)
  - Maandag 16 Maart: Di GS (Gerrie) Botha (emeritus/Viljoenskroon) en AC (Arie) Kuyper (emeritus)
  - Dinsdag 17 Maart: Dr DJC (Daan) van Wyk sr (emeritus)
  - Woensdag 18 Maart: Di P de K (Pieter) Furstenberg (Richardsbaai), RTI (Robby) Pienaar (Ogies), G (Gerrit-Daan) van der Merwe (Strand) en PS (Piet) van Staden (emeritus)
  - Vrydag 20 Maart: Di JS (Hannelie) Botha (beroepafwagtend/*Die Christelike Vrou*) en PA (André) Harmzen (buiteland/Swartkop)

- ***#hoop vir almal.* Voorbidding vir Bybelgenootskappe**
  - **Botswana**: Bid asseblief dat die mense van Botswana nader aan die Woord van God sal beweeg en dat verstotelinge in die gemeenskap deur die Bybel aangespreek sal word.
  - **Mosambiek**: Dank die Here vir die voltooiing en bekendstelling van die Bybelvertalings in Txitxopi en Elomwe. Prys die Here vir nuwe Bybelpakhuise in Maputo en Chimoio.
  - **Zimbabwe**: Dank die Heer vir 2019 se 80ste herdenking van die Bybelgenootskap in Zimbabwe. Bid asseblief in die besonder vir mense wat siggestremd is.

Gemeentes en bediening

- 'n **Inligtings- en Besprekingsvergadering** vind plaas op **Woensdag 18 Maart** van 09:00 tot 16:00. Die Kommissie van die AKV sal dan belangrike aspekte van hul strategiese beplanning by die afgelope bosberaad met ringskommissies en predikante deel, en met die gesprek oor 'n herindeling van ringe begin. Elke ring word versoek om minstens twee verteenwoordigers na die Inligtings- en Besprekingsvergadering te stuur.

- **Uitnodiging na Bikerdiens**
  Sondag 22 Maart vanaf 09:00
  Gemeente Newlands
  hv 7de en Watervalweg, Newlands, Johannesburg
  Die lewe is soos 'n motorfiets
  Maalvleisvetkoeke sal te koop wees
  Navrae: Ds CJ van Wyk 011 476 3210

- Die NHKA beskik oor ’n **vakature** vir ’n **professionele assistent** by die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) op UP se kampus**.

  Vereistes
  - Nasionale sekretariële diploma.
  - Ten volle rekenaarvaardig in Microsoft Office, Adobe, PeopleSoft, internet.
  - Uitsonderlike kommunikasie in Afrikaans en Engels.
  - Funksionele kennis van finansiële prosesse en stelsels.
  - Funksionele kennis van administratiewe prosesse en stelsels.
  - Funksionele kennis van sosiale media.
  - Geldige rybewys.
  - Goeie kommunikasie- en organisasievaardighede.

  Die salaris is onderhandelbaar, met normale diensvoorwaardes. Die beoogde datum van aanstelling is 1 Mei 2020. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 1 April 2020.**

  Indien u aan bogenoemde voldoen, stiptelik en pligsgetrou is, oor goeie organisatoriese vaardighede beskik en goeie persoonlike verhoudings handhaaf, kan u aansoek doen deur u volledige CV te e-pos aan mev Susan Moore by **mannekrag@nhk.co.za** (tel 012 322 8885).

Vergaderings

- Donderdag 12 Maart: Rata Finkom
  Ons Tuis Direksie
- Dinsdag 17 Maart: Kuratorium
  TOIBO Uitvoerende Komitee
- Woensdag 18 Maart: Werkgroep Ondersteuning vir Bejaardes
  Inligtings- en Besprekingsvergadering
- Donderdag 19 Maart: Rata Bestuur
  Redaksie van *Die Hervormer*

Kerklike publikasies

Barmhartigheid

- **Internasionale Maatskaplikewerkersdag**
  Dinsdag 17 Maart
  Navrae: Rata Maatskaplike Dienste
  andries@rata.org.za / **info@rata.org.za**

- ***Beeld*-Kinderfonds: Prestige Gholfdag**
  Dinsdag 21 April by Steyn City
  Gholfbaan ontwerp deur Jack Nicklaus
  Veld is beperk tot 20 vierballe
  Geleentheid om putjies te borg
  Navrae en besprekings by Adrie van Staden
  076 597 1282 / **info@beeldkinderfonds.co.za**

- **49ste Nasionale Kongres van die NHSV: 14, 15 en 16 Junie 2020**. Die Kongres word die Sondagaand by Gemeente Wonderboom geopen, en verloop vanaf die Maandag verder by Batter Boys in Montana, Pretoria.

  Die erepresident, erelede van die Vereniging, predikantsvroue wat deur hul onderskeie takke afgevaardig is, voorsitters van takke wat nie predikantsvroue is nie, vrouepredikante van die Kerk wat deur hul takke afgevaardig is, en hoogstens twee afgevaardigdes van elke tak, vrouelidmate met adviserende stem (waarnemers: alle belangstellende vrouelidmate) en die algemene sekretaris: NKHA of sy verteenwoordiger, word hiermee na die Nasionale Kongres opgeroep.

- **Gerrieshof in Rustenburg** het ’n **eenslaapkamerwoonstel** vir ’n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is ’n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.

- **Huis Frans Boshoff in Brooklyn** het ’n **eenslaapkamer-woonregeenheid** vir bejaarde persone beskikbaar teen R366 160 en ’n maandelikse heffing van R2 970. Die woonstel is geleë op die perseel van Machteld Postmus, naby winkelsentrums. Verskeie dienste word gelewer. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

’n Gedig

laudamus

die kerk is stil
hoë mure troetel kalm my wane
dat bv. god skuil onder die bank agter die kanselkleed.
in die orrelpype sluik ou profete
hy vou om my soos ’n stom storm
en die koor begin te sing, hoor
en by die venster uit sien
ek ’n grys boom in die reën. binne
die kerk is dit stil.
gedagtes kruip voort
meedoënloos, kil

Gilbert Gibson
(Uit: *boomplaats*, 2005)

Toerusting

- **GLOMedia.tv** is een van die opwindende inisiatiewe waarby die NHKA voluit betrokke is. **Kort 40-sekonde-video's** wat gebruik kan word vir bemarking in gemeentes sal oor die volgende paar dae by die onderstaande skakels gelaai word. Dit kan via WhatsApp versprei word of na afloop van 'n erediens vertoon word. Hoe meer en hoe wyer, hoe beter!
  https://nhka.org/die-woord/videomateriaal/
  https://www.facebook.com/Hervormde.Kerk/

- **Welstandsnaweek vir predikante en gesinne.** Die ring van Oos-Kaapland bied van **27 tot 29 Maart** 'n welstandsnaweek aan vir predikante en hul gesinne. Dit vind plaas by die Wilgerfontein-reservaat in die Oos-Kaap. Die program fokus op persoonlike welstand, leierskapontwikkeling en geestelike vernuwing. Vir ontspanning is daar 'n wildrit, staproetes en binnebande op die Visrivier. Daar is nog plek beskikbaar teen R420 per dag (etes en verblyf ingesluit). Kontak ds Danie Taljard by 082 901 2021.

- **Jeugbediening (inklusiewe verhoudingsbenadering) by UP**
  2020: 23-26 Maart; 22-25 Junie; 14-17 September
  2021: 25-29 Januarie; 15-19 Maart
  Skripsie: April 2021
  Kursusleier: Prof Malan Nel
  Koste: R7 200 vir vyf intensiewe kontaksessies
  Plek: Westview Metodistekerk, Centurion
  Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / **hesmarie.bosman@up.ac.za**

- **Brugbedieningskursus by UP**
  Week 1: 27-30 Julie
  Week 2: 9-12 November
  Kursusleier: Prof Malan Nel
  Koste: R2 500 (BTW ingesluit)
  Plek: UP
  Kursuspunte: 70
  Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / **hesmarie.bosman@up.ac.za**

Fondsinsamelings

- **Gemeente Eendracht: Skaapkopoggend**
  Saterdag 18 April vanaf 10:00
  120 skaapkoppe beskikbaar teen R400 per kop
  Sluit in snybord en sakmes
  80 gewone ontbyte teen R100 elk
  Kontantkroeg beskikbaar
  Gaskunstenaar
  Kaartjies by ds Markus Pretorius 082 395 1754
  Belinda 076 626 7571

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex**
  Saterdag 23 Mei
  Gesinspretdag en windbukskompetisie
  Wen besondere mes – kaartjies R30 elk
  Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem
  Wenner word aangekondig op dié dag

- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**
  Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000
  Koop 'n pakket van 200 (R5 000), 50 (R2 500) of 70 (R3 500) boekies
  Maak wins van 75% of 50%
  Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor 30 Julie
  1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid

Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag
18 Augustus by Silver Lakes
Meer inligting: Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / **gsdebeer@gmail.com**)
Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / **andries@rata.org.za**)
Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

Basaars

- **Gemeente Warmbad: Bosveldbasaar**
  Vrydag 28 Maart
  hv Ludolph- & Mentzstraat, Warmbad
  Wen ’n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000
  Met die gewilde Chris Coetzer (van Drie Tenore)
  Vleis, ontbyt, smulgeregte, pannekoek, drinkgoed
  Navrae: Julius Pistorius 082 878 8574

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

O Ewige Lig,
wat uitblink bo alle geskape lig,
slinger u blitse uit die hoogte sodat dit kan deurdring
tot in die binneste hoeke van my hart.
Reinig,
verbly,
verhelder en verlewendig my gees met al sy vermoëns,
sodat ek, met jubelende ekstase in my hart, aan U kan vashou.

Thomas à Kempis
(*Die navolging van Christus,* Boek III/34)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk